Vol 01/2018

18/01/2018

PEDITATUS ON THE RUN

Official Newsletter of the Association

KOM OP PARADE

Wie is die Nasionale Uitvoerende Raadslede aan stuur van die SAIV sake?

Oor die volgende paar uitgawes sal hulle aan u bekend gestel word.

VOORSITTER

maj Johann Boshoff

Johann verwerf die akademiese kwalifikasie aan die UP en PU vir CHO: BA THOD (Bk) en begin skoolhou in 1974. Hy tree af as Skoolhoof op 31 Mei 2016.

Johann se militêre loopbaan begin op 8 Januarie 1969 as nasionale diensplig tige by die Pantserskool as ondersteuningstroep en word opgelei as instrukteur wat betrokke was met die totstandkoming van die Danie Theron Krygskool.

Hy vorder deur die Onder-Offisiersrange en dien as Stafsersant by Regiment Molopo tydens sy eerste grensdiens ontplooiing in 1975. In Januarie 1979 word hy oorgeplaas na 7 SAI waar hy opgelei word as Peloton Bevelvoerder word as 2Lt aangewend tydens grensdiens in 1980.

Johann bly aktief betrokke en voltooi ‘n reeks kursusse, waaronder die van Eenheidsbevelvoerder, en vorder tot die rang van Majoor. Hy sluit sy weermag betrokkenheid in 2016 af by 1 Regiment De La Rey, Potchefstroom.

Hy beklee verskeie poste tydens sy loopbaan en onder andere Kompanie Bevelvoerder, Adjudant, Eenheids Stafhoof operasies/logistiek en personeel. Sy laaste pos beklee was die van gevegsgereedheidsoffisier verantwoordelik vir opleiding voor ontplooiiing in DRK en SUDAN.

Johann Boshoff het in sy dienstydperk 9 medaljes, verskeie toekennings en trofees ontvang.

Die Suid-Afrikaanse Infanterievereniging is bevoorreg om Johann Boshoff as voorsitter te hê.

2018 – QUO VADIS

President:
Brig Genl John Lizamore

2017 was a Rubicon crossing year for the SA Infantry Association (SAIA). Not only did we elect an A-team for the National Council (NEC), with a new chairman, Johann Boshoff, but this team got its act together in quick time!

The National Executive Council recognised that a lot of work had to be done such as:

To give communication a priority, we had to use the social media i.e. Facebook and our Website to its limit, and here Leon le Roux and Craig Timms did marvellous work. So far we have about 5000 members on Facebook and in November 2017 alone, 67 members joined as permanent members in different branches.

We gave priority to recruitment, we had to establish branches all over the country because of the huge interest that we started to experience. Infantry veterans want to belong to a veteran organisation. We established branches all over the country, even is the UK and Australia. This was done with the tireless work of Kobus Loubser and his team who include Stilo Roets, Willem Bester, Andre Lemmer, Geoff Holland-Muter and Colin Church.

Wickus van der Linde started to gear up on clothing and regalia and in the new year there will be quite a few surprises in dress. WO1 Jack Pearce will set the dress code. Apart from the formal dress that include the black blazer with badge, SAIA pin, caps Crumpton, SAIA tie, grey flannel trousers and black shoes, there are windbreakers, golf shirts, caps and T-shirts in the making.

2018 is a year full of challenges. We will carry on with the good work and we will recruit more members, we will pay respect at memorial services and at funerals. We will provide a haven for our Infantry soldiers. We will refurbish our Constitution. We will get the second volume of The History of the Infantry in South Africa, published by the end of the year.

We will have our Annual General meeting in May and the National Chairman, Johann Boshoff will table his annual report and set the new objectives for the following year.

Join us to make this SA Infantry Association to work for our heritage, traditions, customs and camaraderie!

John Lizamore

SAIV DRAG

SEREMONIEEL:

- Grys langbroek
- Wit hemp
- Swart skoene
- Swart of grys sokkies
- Swart baadjie met Vereniging sakwapen
- Verenigingdas
- Vereniging Caps Crumpton
- Groot medaljes en dekorasies
- Klein medaljes en dekorasies vir aand funksies

Hierdie drag word gedra tydens:

- Seremoniele parades
- Gedenkdienste
- Militere en semi-militere begrafnisse
- Begrafnisse van Vereniging lede, indien so aanvaar deur naasbestaandes
- Ander drag regulasies sal in die volgende uitgawes gepubliseer word.

lt genl Raymond Holtzhauzen

FACEBOOK EN SAIV LEDE

Daar is tans ‘n baie gesonde groei op die SAIV se sosiale media Facebook blad en het onlangs die 5000 merk verbysteek. Die interaksie en ywer op die Facebook blad bevestig dat die SA Infanterievereniging op die regte pad is en die infanteriste se ondersteuning geniet. Dit is wondelik om die kameraadskap van mede infanteriste te ervaar maar dit is tog belangrik om kennis te neem dat dit slegs ‘n informele en sosiale forum is. Die formele lidmaatskap aansoek proses van die SAIV bly onveranderd. Sover dit die Nasionale Uitvoerende Raad aangaan bied die Facebook blad ‘n medium on vining en doelgerig ‘n gedagte te toets of om ‘n kennisgewing aan ‘n groot groep veterane deur te gee.

RECRUITING

Morning All Infantrymen. As Recruitment member I want to thank everyone for the massive positive responses and feedback. As I said before, we were in a slumber for too long. We have a lot of things to sort out that fell behind, maar ons beur voort en ons wen. Verskoon maar as dinge bietjie langer vat as wat moet. Geoff Muter is besig om al die Admin en dinge weer streamline te kry. A prospourous New Year to all. May all the good Fortune bore you. Net vir almal se kennisname. Daar is takke in wording by die volgende plekke. Ek gee dit weer met die kontak persone. Skakel hulle asb. Almal is op Faceboek. Pietersburg- Ben Smit; Phalaborwa - Johan Malan; Nelspruit - Kobus Grobler ; Krugersdorp - Jacques Warren Grove; Klerksdorp – Tinus Botha, Springs - Andre L Wentzel; Middelburg - Mitch Faught; Oudtshoorn - Pieter Cillie; George - Derick Coetzee; Sydney Australie - Werner Coetzer; NZ - Al Haggar; London - Len William; Now also possibly Germany - Kevin Tokalosh Brown. Around 83 people joined the Association the past 2 Months. Appreciated. We still need people to start branches in Durban, PE, Cape Town or where ever there is a need. Dankie weereens Almal

Col Kobus Loubser

In Memoriam

HULDEBLYK: BRIG GENL JACOBUS HENDRIK MARITZ – 02.08.1944 – 15.10.2017



Goeiemore aan u almal. Koos se wens was dat ek met sy begrafnis moet praat en ‘n huldeblyk vir hom moet lewer. Ek doen dit graag.

Koos se heengaan verlede Sondag, was vir ons almal ‘n groot skok. ‘n Groot boom het geval en ons innige simpatie en medelye aan sy familie en vriende. Daar was ‘n paar van ons wat Sondag by hom was en hom vir die laaste keer gesien het. Koos het baie swaar gekry en die siekte dapper en braaf vir meer as ses jaar beveg. Ek haal genl Raymond Holtzhauzen aan: “….my gemoed is swaar. Alles in aggenome is Koos nou verlos van die ellendige kanker.

Jacobus Hendrik Maritz, is op 2 Augustus 1944 in Voortrekkerhoogte gebore. Hy het sy matriek by die Lyttelton Hoërskool geslaag. Na skool het hy verskeie tersiêre sertifikate ontvang en het hy al die belangrikste militêre kursusse geslaag, ondermeer die Leër se Bevel-en Stafkursus, net na Op Savanna, die Senior Gesamentlike Oorlogvoeringskursus en die SAW se Gesamentlike Stafkursus. Hy is deur al die offisiersrange bevorder tot by brig genl. Koos het wye ondervinding van die militêr gehad, hy het diens gedoen by 1 SAI Bn, NW Kmdmt, Hy was Bev van 3SAI Bn in Potchefstroom, waar Marlene sy vrou hom so goed bygestaan het, sy het hom onverwags op 29 Jun 13, ontval. Hy het in Durban by Kmdmt Natal diens gedoen. Hy was die Leër se beplanner by Leër HK, hy was die Bev Groep 20, terug na Leër HK as Direkteur Beplanning en voor sy aftrede was hy die Bevelvoerende Generaal by die SA Leër se Sluitingshoofkwartier met Op Fibre (Burundi), gewees. Hy het die Full Monty van medaljes, 9 van hulle, met twee na-naamse titels SM en MMM, gehad en is 10 keer met aanprysingsertifikate, oa is hy as Sport Administrateur vir sy rol in Weermag Krieket, vereer.

Koos het diep spore getrap as lewenslange lid van die SA Infanterievereniging, lid van die Uitvoerende Raad Pretoria Gedenkdienste, hy was die voorsitter van die SA Infanterievereniging Magaliesstreek, hy was lid van die Savanna Veterane Bond, ‘n stigterslid van die SA Weermag- vereniging en hy het tot die einde, vir 7 jaar as lid van die Nasionale Raad van die SA Infanterievereniging gedien. Niks was vir hom te veel nie, hy was ‘n kenner van finansies en konstitusies. Hy het altyd sy kant professioneel en getrou gebring. Hy was vir ons almal ‘n voorbeeld van die spreekwoordelike Offisier en Heer. Hy was een van die lojaalste en ordentlikste mense wat ek geken het. Ons almal was baie lief vir hom en sal hom nooit vergeet nie. Mag sy siel in vrede rus!

John Lizamore, brig genl (afgetree),

President, SA Infanterievereniging.

Huldeblyk soos voorgehou tydens die begrafnis op 19 Oktober 2017 - Red

Stories / Bydraes

Lede word aangemoedig on stories en of fotos in te stuur vir plasing in hierdie nuusbrief en ons webtuiste. Skryf ook gerus aan die Redakteur sou iets u pla of net om te gesels.

Die epos vir alle gewaardeerde bydraes is: peditatus@sainfantry.co.za

Onthou om gereeld die SAIV se webtuiste by www.saimfantry.co.za en Facebook blad te besoek vir Nuus en ander inligting omtrent SAIV aktiwiteite.

“Whether war veterans belong to a society or not, they usually gravitate into each other’s company”
From the book: Old Soldiers Never Die

Die Redakteur